

NATUURLIKE WEIDING VERSUS BLOUBUFFEL-AANPLANTING

P. S. VENTER

ADMINISTRASIE VIR BLANKES, UITKOMST PROEFPLAAS
Posbus 297, Grootfontein 9000



'n Bloubuffel-aanplanting te Uitkomst Proefplaas.

INLEIDING

Bloubuffelgras is 'n droogtebestande gras en bowendien het dit 'n hoë produksiepotensiaal onder gunstige vog en voedingstoestande. Dit kan in die hoër reënval gebiede van Suidwes-Afrika 'n baie belangrike rol speel om die weidingsdruk gedurende die aktiewe groeiseisoen op die natuurlike weiding te verlig. Sodoende kry die natuurlike grasse in die erg verbosde areas kans om te ontkiem en te vestig.

Die doel van hierdie loodsprojek wat oor 'n periode van vyf jaar uitgevoer is, was om 'n Bloubuffel-aanplanting te vergelyk met 'n natuurlike klimaksweiding in terme van lewende massa per hektaar gedra.

1. PROEFPROSEDURE

Die proef is uitgevoer op vier 2-hektaar kampe waarin Bloubuffelgras aangeplant was. Diere is sewe-daaglik roteer en kom dus weer na 21 dae vir beweiding na dieselfde kamp terug.

Met hierdie rotasiestelsel het die diere 'n kamp benut voordat die gras 'n hoogte van 20 cm (weibare hoogte) bereik het. Die diere het dus deurgaans 'n jong sappige weiding benut omdat hulle na 'n kamp verwissel is en weer uit 'n kamp was alvorens die gras kans gehad het om uit te groei en stokkerig te word.

Die Bloubuffel-aanplanting is gedurende die "aktiewe groeiseisoen" met ses koeie en ses kalwers bewei. Die jaarlikse aanvang van beweiding asook die totale aantal dae wat die diere die aangeplante weiding bewei het, het jaarliks gewissel aangesien dit afhanklik van reënval was.

Om die lewende massa per hektaar op die aangeplante weiding gedra met die lewende massa per hektaar op die natuurlike weiding gedra, te kon vergelyk, is gewigte van 'n kontrole groep diere bereken wat naastenby dieselfde weegdatums en tydperk van beweiding gehad het as die diere op die aangeplante weiding.

Die kontrole groep diere op die natuurlike veld het bestaan uit 34 koeie (17 Afrikaner X Simmentaler kruisings en 17 Simmentalers) met 25 kalwers. 'n Vier-kamp wisselweiding stelsel is op 320 hektaar toegepas.

2. RESULTATE

In tabelle 1 en 2 word die aanvangs- en einddatums van die jaarlikse beweidingsperiodes op die Bloubuffel-aanplanting en kontrole groep diere onderskeidelik weergegee, asook die aanvangs- en eindmassas van die koeie en kalwers van die onderskeie behandelings. In tabel 3 word die gemiddelde daaglikse massatoenames van die koeie en kalwers vir die Bloubuffel-aanplanting en kontrole groep aangetoon.

Die Bloubuffel-aanplanting is gemiddeld 111 dae bewei teenoor 103 dae in die geval van die natuurlike weiding. Die gemiddelde koeimassa was 519 kg op die Bloubuffel-aanplanting en 538 kg op die natuurlike weiding, terwyl die gemiddelde massa van die kalwers 165 kg en 160 kg was. Die gemiddelde massa van die koeie en kalwers was op die Bloubuffel-aanplanting 684 kg en op die natuurlike weiding 698 kg. Indien die gemiddelde massa van die koeie en kalwers uitgedruk word as kilogram per hektaar dan was die gemiddelde bio-massa vir die proefperiode op die Bloubuffel-aanplanting 513 kg per hektaar en op die natuurlike veld 69,7 kg per hektaar.

Vanaf die gemiddelde daaglikse massatoenames soos in tabel 3 aangetoon, is dit in die geval van die koeie op die Bloubuffel-aanplanting 0,05 kg per dag en in die geval van die koeie op die natuurlike veld 0,46 kg per dag. In beide behandelings was die kwantiteit beskikbare weiding nie 'n beperkende faktor nie en het dus nie die diere se massatoenames beïnvloed nie. Die heterogeniteit van die plantsamestelling van die natuurlike veld en die selektiewe weigewoonte van die diere asook die bestokking het die massatoenames van die koeie op die natuurlike veld gunstig beoordeel.

Indien vleisproduksie uitgedruk word as kalvleis per hektaar geproduseer vir die betrokke tydperk van beweiding, dan het die Bloubuffel-aanplanting 14,25 kg per hektaar oor 'n periode van 111 dae geproduseer

TABEL 1 — Bloubuffel-aanplanting:

Jare	Beweidings Periode			Massa in kilogram			
	Aanvangs-datum	Eind-datum	Totale aantal dae bewei	Koeie		Kalwers	
				Aanvangs-massa	Eind-massa	Aanvangs-massa	Eind-massa
1	31/12/74	4/4/75	94	528	489	84	216
2	27/1/76	7/6/76	131	475	501	106	220
3	15/2/77	9/6/77	114	550	548	142	257
4	16/1/78	24/5/78	128	525	543	104	232
5	7/2/79	8/5/79	90	504	529	105	185
\bar{x}			111	516	522	108	222

TABEL 2 — Kontrole Groep:

Jare	Beweidings Periode			Massa in kilogram			
	Aanvangs-datum	Eind-datum	Totale aantal dae bewei	Koeie		Kalwers	
				Aanvangs-massa	Eind-massa	Aanvangs-massa	Eind-massa
1	1/1/75	1/4/75	91	556	555	89	173
2	2/2/76	1/6/76	119	490	550	119	232
3	28/2/77	6/6/77	98	536	568	143	242
4	1/2/78	29/5/78	117	479	558	108	218
5	31/1/79	30/4/79	89	516	577	92	192
\bar{x}			103	515	562	110	211

TABEL 3 — Gemiddelde daaglikse massatoenames in kilogram:

BLOUBUFFEL-AANPLANTING		KONTROLE GROEP	
KOEIE	KALWERS	KOEIE	KALWERS
0,05	1,03	0,46	0,98

teenoor die 0,32 kg vleis per hektaar oor 103 dae op die natuurlike weiding.

GEVOLGTREKKINGS

Afgesien van die feit dat hierdie proef nie statisties verantwoordbaar is nie, dui die resultate wel aan dat Bloubuffel-

gras 'n moontlike rol te vervul het. Hierdie rol is nie as plaasvervanger van natuurlike klimaks-weiding nie, maar wel as tussen-tydse plaasvervanger van natuurlike weiding wat oor 'n swak botaniese samestelling beskik. Verder blyk dit ook baie duidelik dat die bestuur van 'n Bloubuffel-aanplanting 'n bepalende faktor is, vir doeltreffende beweidings daarvan.